

Wie het die ontwerp van die Voortrekkermonument geïnspireer: Farao of Abram?

Dolf Britz

Dolf Britz, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Hierdie artikel is daaraan gewy om die oorsprong van die argitek Gerard Moerdyk se Voortrekkermonumentontwerp weer te gee en te ondervra. Die ondervraging is met name afgestem op wie, volgens hom, die oorspronklike gedagte of idee van die gebou geïnspireer het. Moerdyk, as die gesaghebbende, het oor 'n lang tyd sy ontwerp verduidelik en betekenisvol uitgepluis. Dié trajek begin in 1932 en eindig in 1949 toe die gebou ingewy is. Die eerste skets is deur en deur bepaal deur die antieke Egiptiese eregraf- en tempelargitektuur. In die tweede, aangepaste ontwerp (1936), is hierdie grondstruktuur gehandhaaf. Wat 'n Egiptiese praalgraf en tempel onderskei het, het navolging in die simboliek van die Voortrekkermonument gevind. Moerdyk noem dit gepas 'n heiligdom.

Die impak van kritiek op die ontwerp (einde 1936) het die wyse waarop singewing aan die gebou daarna (1937) toegesê is, in 'n ander rigting gestuur. Dit is hier waar die verwysing na die bouwerk van Abram, die Galdeër, vir die eerste keer die Farao van Egipte na die kroon sou steek. Moerdyk skuif die Abram-altaar in die plek van die heiligdom. Die altaar word, in 'n getranssubstansieerde bestaanswyse, die hart en derhalwe die oorsprong van die gebou. Daarna word die ontwerp genasionaliseer (1938). Dit neem die vorm van 'n volksmonument aan waarin nóg Abram, nóg Egipte verwysing ontvang. Beide word egter in die laaste reeks dokumente (1949) waarin Moerdyk die simboliek en betekenis van die gebou verduidelik, opgehaal. Hier ontvang Abram die eersgeboortereg op die ontwerp van die monument, terwyl Farao slegs vergelyk word met die grootsheid en statuur van die gebou.

Uit primêre bronne maak die artikel dit duidelik dat die gebou se oorsprong egter die Farao toekom. Moerdyk gebruik bowendien die Bybelse gegewens op so 'n wyse dat dit in werklikheid nie met die Bybel ooreenkom nie. Wat hy op Abram betrek, staan nie met die Bybelse aartsvader in verband nie. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat 'n Egiptiese tempel die grondidee was wat die ontwerp van die Voortrekkermonument geïnspireer het. Dit bied die simboliese tuiste vir 'n geïdealiseerde triomf van die Afrikaner se Voortrekkergeskiedenis sonder om ruimte te skep vir herdenking van historiese skeefgroei. In so 'n tempelheiligdom kan die (helende) sny aan eie vlees nie opgeneem word nie. Anders as met Abram, kan die Farao nie hiermee geassosieer word nie.

Trefwoorde: Afrikaner; Afrikanernasionalisme; Antieke Egiptiese argitektuur; Gerard Moerdyk (1890–1958); Groot Trek; Sentrale Volksmonumentekomitee; Voortrekkermonumentontwerp; Zimbabwe-bouvalle

Abstract

Who inspired the design of the Voortrekker Monument: Pharaoh or Abram?

This article investigates and argues the origin of the design of architect Gerard Moerdyk's (1890–1958) Voortrekker Monument, erected on a hill to the southwest of Pretoria. It documents the architect's thoughts, or ideas, or the mindset that gave rise to the creation of the monument. What, according to Moerdyk, enthused or kindled the original idea that eventually shaped and formatted this remarkable building?

Tracing the relevant primary sources led to the identification of two lines or trajectories of thought, embedded in the explication given by the architect whenever he reflected upon the origin of his design. Initially, and without hesitation, Moerdyk attributed the inspiration of his design to ancient Egyptian temples and architecture. Later, after the design was questioned in public, he indicated that the altar built by the Biblical Abram inspired the original idea that led to the design of the building. Hence the question forming the title of the article: "Who inspired the design of the Voortrekker Monument: Pharaoh or Abram?" The research thus intended to determine – from the primary sources – to whom this honour is due. Was it Abram of the Bible, or the Pharaoh of Egypt?

Moerdyk, as the authority, clarified the design of his monument over a long period of 17 years: from 1932 to 1949. The platform was laid in 1932. His first sketch of the envisaged monument (1932) clearly resembles the famous Egyptian temple of Horus at Edfu, a building that he described in detail in his 1935 book on the history of architecture. This design, published as a drawing in the Pretoria newspaper *Die Vaderland*, consequently carried the footprints of the ancient Egyptian tombs and temples. The immense physical structure of the building, the two massive pylons with a diametric axial passage through the middle and a distinctive sarcophagus, symbolized according to the architect the unwavering character of the Voortrekkers, as well as the way (presumably) opened by them into the interior of Africa in order to establish and maintain a "white" civilization in these regions. It was clear that the inspiration for the design of the building originated in Egyptian temple architecture, and thus with the Pharaoh.

In 1936 Moerdyk revised his design. It was still based on the elementary lines of the Egyptian pylon temple, but now embodied a composite building, with a massive granite appearance. In April 1936 the Central People's Monument Committee officially accepted this revised design. Moerdyk was then appointed as the architect of this national enterprise. Elucidating the form of the structure to the committee, he denotes it as a mausoleum in which a sarcophagus for the remains of Piet Retief and his men would form the centrepiece. The original Egyptian ideas that inspired the monument were thus maintained. When a model of the proposed monument went on display in September 1936 at the Empire Exhibition in Johannesburg, the public could, for the first time, visualise the form of the building. The basic idea of the memorial Moerdyk then envisaged was to erect a beautiful shrine or

sanctuary located within the protective wall of a wagon laager. In the upper dome would be an opening for a shaft of light to filter in and illuminate a sarcophagus of Retief and his men.

For some, however, the building bore resemblance to a wedding cake, a pepper pot or even a radio. For others, the similarity to an Eastern temple and its appeal was foreign to the Afrikaner. This unexpected criticism made the Central People's Monument Committee (including Moerdyk) cautious about arguing the origin and idea behind the structure and stature of the building in terms of its Egyptian roots. It is evident that the criticism of the design motivated the committee to disclose the significance and symbolism of the building along a different line of thinking. An official document issued by the committee gave effect to a new interpretation.

The committee's response at the beginning of 1937 elevated the historical achievement of the Voortrekkers. The victory they had accomplished in establishing a "white civilisation" deserved, according to the committee, an imposing monument. Designed to meet this purpose the Moerdyk monument, it was emphasised, embodied in its stature the national identity of the Afrikaner in a powerful way. The significance of the building now shifted to the framework of nationalist sentiments, which went hand in hand with the religious nature of the Afrikaner.

The building's origin in the Egyptian combination of a mausoleum and temple was substituted by the biblical history of Abram, and the altar he had built to accommodate the religious nature (or spirituality) of the Afrikaner. The document indicated that just as the wandering Abram erected an altar whenever he came to rest, the monument was correspondingly constructed. The document, however, noted that since an altar like that of Abram was outmoded and had been superseded, a sanctuary in the case of the monument would replace it. Deep in the heart of the building, it continued, a sarcophagus for Retief and his men, who paid the ultimate sacrifice to make South Africa inhabitable, was situated. This sanctuary would provide the sacred space for the Afrikaner to become a participant of his history. The monument was interpreted as a memorial of the people for the people. A switch thus took effect: Pharaoh was exchanged for Abram. In following the underpinning primary sources, the article identifies a clear turning point in the trajectory of the architect's explanation of the origin of the building. Pharaoh made room for Abram.

The next set of documents in which the architect reflected on the meaning and symbolism of the building was linked to the laying of the cornerstone of the monument on 16 December 1938. Remarkably, Moerdyk in these documents did not offer an explication of the original idea that had shaped the design of the building. The building, as a prevailing expression in stone of the Afrikaner's history, was nationalised. This Afrikaner and people's monument was designed in harmony with the religious nature and spirituality of the Afrikaner. Neither Pharaoh nor Abram was even mentioned.

Published in the year of the inauguration of the monument (16 December 1949), a final set of documents offered Moerdyk the opportunity to illuminate the meaning of his monument. Yet again the architect emphasised that the monument was the formidable and eternal symbol and expression of the triumph of the Afrikaner's history. However, Moerdyk now expanded his argument. The monument is also a symbol of the entitlement of the Afrikaner to the country. The emphasis thus moved from a nationalist to a political consideration. The building became the symbol of an ideology.

In these documents references to Abram's altar (for the first time since 1937) as the original inspiring idea that had shaped the design of the monument again surfaced. In this regard Moerdyk was categorical in his assertion. He wrote that while searching for a fundamental concept to conceive a worthy monument, he was struck by a thought: What would the Voortrekkers have done, had they decided to erect a monument? He expected that, as a religious people, they would obviously have consulted the Christian Bible. They would have looked for circumstances similar to their own, and then acted accordingly. The history of Abram provided a perfect counterpart. After leaving Ur, on his sojourns Abram always built an altar. The Voortrekkers, who had left the Cape Colony, would thus, Moerdyk assumed, have made their monument a religious one. They would have built an altar, like, and because, Abram did. The architect then indicated that, based on this hypothesis, the Abramic altar guided his design of the Voortrekker Monument. The genesis of what eventually emerged as the monument had germinated in the altar that Abram had built. Abram, and not the Egyptian Pharaoh, had inspired the building.

As in 1937, Moerdyk nonetheless noted in 1949 that the Abramic altar was dated. It could no longer be utilised. In the monument it therefore took the form of a sarcophagus deep in the centre of the building. It had been transubstantiated to a mausoleum, from which the whole building rose. Consequently, it could not be Abram who had inspired the design of building. In the final analysis it seems that the origin of the design of the building remained firmly seated in its Egyptian (sarcophagus!) roots. In terms of its design, this remarkable building on a hill on the south-western side of Pretoria is an Egyptian temple. It is a mausoleum, a sanctuary, for the mid-20th-century Afrikaner Voortrekkers. The Pharaoh had indeed inspired the building.

Keywords: Afrikaner; Afrikaner nationalism; Ancient Egyptian architecture; Central People's Monument Committee; Gerard Moerdyk (1890–1958); Great Trek; Voortrekker Monument design; Zimbabwe ruins

1. Inleiding

Die Sentrale Volksmonumentekomitee (voortaan SVK), wat in 1931 gestig is (Jansen 1949:37), sou die oprigting van 'n waardige monument tot eer van die Voortrekkers ywerig ter hand neem en na 18 jaar voltooi. Op 16 Desember 1938 is die hoeksteen luisterryk en plegtig in Pretoria, te midde van grootskaalse volksbelangstelling, gelê. Elf jaar later, op 16 Desember 1949, kon die eerste minister en leier van die Nasionale Party, D.F. Malan, die inwyding ten aanskoue van 'n reuse- en entoesiastiese skare behartig.

In September 1936 is 'n groot skaalmodel van die Voortrekkermonument (2,44 meter of agt voet hoog) by die Rykstentoonstelling in Johannesburg uitgestal. Die model het die werklike vorm van die voorgestelde monument vergestalt. Hier kon vir die eerste keer 'n indruk gevorm word van hoe die Voortrekkermonument daar sou uitsien. Die argitek, Gerard Moerdyk (1890–1958), het toe die grondidee van die monument ontvou as 'n pragtige heiligdom, gehuisves binne 'n walaer. As gesaghebbende – hy was immers die argitek – sou hy dikwels daarna, tot met die inwyding van dié merkwaardige gebou op 16 Desember 1949, die betekenis van sy ontwerp uitleê. Dit het hom klaarblyklik na aan die hart gelê. “As 'n mens die Voortrekkermonument wil verstaan,” skryf hy in die *Amptelike program en gedenkboek*

vir die 1949-inwyding van die gebou, “moet jy die gedagtes wat tot die skepping daarvan gelei het, in herinnering roep” (Moerdyk 1949c:43). In hierdie “gedagtes” van die argitek het die monument oorspronklik (reeds lank voor 1936) vorm aangeneem, is dit ingeprent en het ’n denkbeeld uiteindelik van die grond gekom.

Die onderhawige artikel diep “die gedagtes wat tot die skepping” van die Voortrekkermonument gelei het, uit die relevante oorspronklike bronne op én beskryf dit. Hier en daar kom in aanhalings taal en begrippe van beledigende aard voor. Dit is onveranderd aangehaal, ter wille van die integriteit van die bronne, en verteenwoordig in geen opsig die standpunt of onderskrywing van die skrywer nie. Hierbenewens is die vroeë Afrikaanse spelling in die bronne net so gelaat. Die kernvrae aan hierdie bronne is: In watter idee, of ingewing, of gedagtes setel die vormgewing van die Voortrekkermonument? Waarin lê die oorsprong van die ontwerp van die gebou? Wat het die argitek sêlf hieroor gesê?

In die oopmaak van die bronne is op twee trajekte of lyne in die gedagte-wêreld en denke van die argitek, soos hy dit verwoord het, afgekom. Aanvanklik het Moerdyk sonder skroom daarvan gewag gemaak dat hy die inspirasie vir sy ontwerp in die antieke Egiptiese bouwerke en argitektuur gevind het. Later, nadat die ontwerp in die openbaar bevraagteken is, sou hy aanvoer dat die bouwerk van die Bybelse Abram, naamlik ’n altaar, die oorspronklike idee vir die gebou aan die hand gedoen het. Dit verklaar opeens die vraag wat die titel van die artikel vorm: “Wie het die ontwerp van Voortrekkermonument geïnspireer: Farao of Abram?” Die bedoeling is gevolglik om uit die primêre bronne vas te stel aan wie hierdie eer toekom. Was dit Abram van die Bybel, of Farao van Egipte?

2. Die eerste skets: ’n Egiptiese tempel

Een van die beduidende take van die SVK was om die ontwerp van die beplande Voortrekkermonument te oorweeg en vas te stel. Nadat die simpatieke Unieregering in Oktober 1935 onder leiding van generaal Hertzog verantwoordelikheid vir die befondsing van die projek aanvaar het,¹ was die SVK aan die begin van 1936 oorgehaal om voorleggings in hierdie verband te vra. Maar enkele jare voordat die openbare uitnodiging vir voorstelle van ’n monument van stapel gestuur is, het ’n voorlopige sketsplan van die voorgenome monument reeds in April 1932 voor die SVK gedien. Dié ontwerp was uit die vaardige pen van die bekende argitek Gerard Moerdyk.

Teen daardie tyd was Moerdyk² ’n gesiene en bewuste Afrikanervoorganger wat hom beywer het vir die ontwikkeling van ’n eie Afrikaanse argitektuur (Moerdyk 1934:19–21). Hy was ’n Associate of the Royal Institute of British Architects, onder andere lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en sou in 1935 verkies word as voorsitter van die Raad van die Universiteit van Pretoria, ’n amp waarin hy tot 1942 gedien het. Kenmerkend van sy styl is die bewondering vir die antieke en klassieke argitektuur, soos dit uit talle van sy vroeëre geboue blyk (Delmont 1992:4).

By die SVK se vergadering op 14 April 1932 in die redaksiekantoor van *Die Vaderland* in Pretoria was Moerdyk teenwoordig, “op versoek”, so staan dit in die notule aangeteken, om die lede “in verband met sy monumenskets in te lig”.³ Die geraadpleegde bronne swyg oor wat aanleiding tot hierdie uitnodiging gegee het, wie dit gerig het, of hoe die sketsplan op die

komitee se tafel beland het. By die vergadering het L.J. Erasmus gevra “hoe *Die Huisgenoot* van ’n paar weke gelede kon sê dat Mnr. Van Wouw die beeldhouer is wat die Voortrekkermonument sal maak”.⁴ Hierop het die voorsitter, E.G. Jansen, aangedui dat ’n “uitnodiging later aan deskundiges gerig moet word om sketse, modelle en ander suggesties vir ’n moontlike Volksmonument in te stuur”.⁵ Op hierdie punt het Moerdyk opgemerk dat “professionele etiek” reaksie op sodanige uitnodiging egter verhinder. “Indien die komitee so ’n rondvraag wil doen, dan moet dit ’n ope kompetisie wees waarby duidelik o.m. die naamlys van die komiteelede met ’n deskundige daaronder verskyn”,⁶ gee hy leiding. Sou Moerdyk dus as ’n “deskundige” gevra gewees het om insette in die vergadering te maak? Die feit van die saak is dat vir hom ’n geleentheid gebied is om sy gedagtes, vasgelê in die buitelyne van ’n eerste vryhandtekening van ’n gepaste monument, aan die vergadering te verduidelik.

Sy tekening bevat, lig Moerdyk die vergadering in, “bestanddele van die piramied en die Simbabwe ruïnes. Hy is dus tiepies Afrikaans.”⁷ Dit is massief en eenvoudig, soos die Voortrekkers self was, en bestaan uit twee ruim sale: ’n museum en ’n saal wat “die beendere van die Voortrekkers kan bevat”.⁸ Moerdyk dink dus aan ’n soort monumentale eregraf. Die basreliëfs teen die mure sal menshoogte wees en voorvalle in die geskiedenis van die Groot Trek uitbeeld. Die gang deur die middel “is ’n simboliese voorstelling van die weg wat die wit beskawing deur die k.....bevolking gebaan het”.⁹ Gedurende feesdae, wys die argitek op sy tekening uit, sal ’n pot met pik en olie brand. ’n Amfiteater met ’n rostrum vir sprekers sal rondom die monument geplaas wees sodat dit geskik sou wees vir volksfeeste en samekomste.

Daar bestaan ’n afdruk van die 1932-skets. Dit laat uiteraard besondere lig val op die oorspronklike gedagtes van die argitek waarin die beeld van ’n voortrefflike monument gevorm is. Dit is later – op 10 Januarie 1936 – in *Die Vaderland* gepubliseer (Anoniem 1936c:7). Ek het reeds elders ingegaan op die wyse waarop hierdie skets tot stand gekom het (Britz 2017:7 e.v.; sien ook Duffey 2006:26 e.v.). Hierdie verduideliking word dus nie hier herhaal nie.



Die eerste sketsplan vir die Voortrekkermonument: 1932 (Anoniem 1936c:7)

Hoewel die ontwerp nie die lyne van 'n piramide vertoon nie, is dit onmiskenbaar geknip op die patroon van antieke Egiptiese bouwerke en tempelargitektuur. Trouens, in die onderskrif by *Die Vaderland* se afbeelding word dit uitdruklik so gestel:

Die ontwerp is in die aard van 'n Egiptiese tempel, soos dié by Luxor en langs die Nyl. Binne is ruimte vir bewaring van gedenkwaardighede in verband met die Voortrek. ... En tussen die twee voorste pylers is 'n urn waarin altyd 'n vuur sal brand. Op die voorste gewels, en ook langsaan en agter, kom 'n sestiental basreliefs, wat verskillende tonele uit die Voortrek moet voorstel. (Anoniem 1936c:7)

Geen verbeeldingskrag is nodig om in hierdie skets die lyne van die Egiptiese boukuns by Luxor, of nog duideliker, van byvoorbeeld die tempels van Amen-Re by Karnak en Horus by Edfu, raak te sien nie. Laasgenoemde is gebou tussen ongeveer 237 en 247 VCE (Kleiner en Mamiya 2005:75–6). Kenmerkend van hierdie tempelargitektuur is die imponerende pylers, die breë aksiale gang deur die middel, die massiewe fasades, die indrukwekkende hellende mure, die gegraveerde reliëfs, onderbreek deur slegs die deuropening en sy oorskaduende kroonlids, met prominente trappe wat daarheen oplei. Die skets, en die verduideliking van Moerdyk, kom hiermee ooreen. Dit is dus waar Moerdyk kers opgesteek het: by Farao.



Die tempel van Horus by Edfu (Kleiner en Mamiya 2005:75)

As argitek was hy deeglik bewus van, en onderlê in, die befaamde reputasie en ongeëwenaarde nalatenskap van die antieke Egiptiese argitektuur en bouwerke. In *Die geskiedenis van boukuns* skryf Moerdyk geïnspireerd oor die Egiptiese monumentale argitektuur (Moerdyk 1935:29 e.v.). In die geskiedenis van hierdie argitektuur staan daar, wat hom betref, twee onderskeie bouwerke uit: grafte en tempels, wat uit “onverganklike materiaal opgetrek” is (Moerdyk 1935:30). Wat die “grafte” betref, onderskei hy tussen piramides en heldegrafte. Die piramides is die “rusoorde van die dooies, veral van konings en hulle huisgesinne” (Moerdyk 1935:30–1). Hierdie massiewe grafkelders het die mag en grootsheid van die Farao’s gesimboliseer. In dié bouwerke is wat die Farao vermag het, vir ewig vasgevang en uitgebeeld. Die lewe in die hiernamaals sou en kon hier geleef word (Kleiner en Mamiya, 2005:60). Heldegrafte (of *tombes* soos hy dit ook noem) is volgens hom “meestal reghoekige, langwerpige geboue met effe na binne geneigde mure en plat dakke met die voorkant altyd na die ooste gerig” is (Moerdyk 1935:32). Dié bestaan uit 'n kapel, geheime kamers en “die grafkelder, diep onder die grond waar die sarkofaag gestaan het” (Moerdyk 1935:32).¹⁰

In later tyd (na 1500 VCE), wys Moerdyk daarop, het die tempels (die tweede groep geboue) die mees indrukwekkende bouwerke geword. “Die heilige binnehof, ’n saal van byeenkoms en ’n voorhof met formele ingangshek” (Moerdyk 1935:35) vorm die drie dele waaruit hierdie geboue bestaan het. Die tempel by “Edfou”¹¹ – hy was dus bekend met die betrokke gebou – met sy dekoratiewe muurreliëfs, is in ’n besonder goeie toestand en kom “die meeste ooreen met die tipiese tempelplan” (Moerdyk 1935:36). Dié tempels het gefunksioneer as ’n heiligdom, ’n gewyde plek wat voorsien het vir die aanbidding van die gode en die beskermgode (Kleiner en Mamiya, 2005:70).

Dit is dus duidelik uit watter hout Moerdyk sy sketsplan gesny het. Hy bring in die toeligtig van die 1932-skets die oorsprong van sy ontwerp in verband met beide soorte bouwerke wat hy in die antieke Egiptiese argitektuur in sy boekie onderskei het. Dit dra die merktekens van ’n Egiptiese piramide (as deel van die “grafte”), gekombineer met die pylertempelargitektuur (as deel van die “tempels”). In hierdie bouwerke, wat hy met Afrika assosieer, vind hy die skeppende idee en inspirasie vir sy monument. Sy monument is dienooreenkomstig ’n mausoleum (’n praalgraf), met ’n sarkofaag, waar die Voortrekkers herdenk en geëer kan word, waar hulle gees nog leef. Die aksiale gang reg deur die middel van die gebou is die simbool van wat hulle vermag het, naamlik die geslaagde indra en permanente vestiging van ’n “wit beskawing” in die binneland van Suidelike Afrika.

’n Kombinasie van die antieke Egiptiese heldegrafe (met inbegrip van ’n sarkofaag) en pylertempels bied argitektonies die ideale struktuur om die Voortrekkers in ’n monument te herdenk. Die ontwerp skep immers in soliede eenvoud ’n kolossale indruk. Dit hou verband met die reuse-impak wat hulle, na Moerdyk se mening, op die Suid-Afrikaanse geskiedenis gemaak het. Dít identifiseer die argitek as die grondlegging van ’n blanke beskawing in die binneland. Hierin vind hy die betekenis van die Groot Trek, en hierdie betekenis wou hy in sy monumentontwerp sigbaar tot uitdrukking bring.

Behalwe dat Moerdyk die Zimbabwe-bouvalle as tipies van Afrika voorhou, verduidelik hy (nog) nie waarom hy hierdie bouwerk ook ’n rol in die ontwerp laat speel het nie. In *Die geskiedenis van boukuns* maak hy wel interessante aantekeninge oor die bouvalle. Teenoor teorieë dat dit gebou is deur “son-, maan- en steraanbidders en ander heeltemal apartstaande beskawings”, is hy oortuig dat “Simbabwe deur ’n onbeskaafde volk gebou is” (Moerdyk 1935:27). Die mure is met onbewerkte klippe gestapel, en nie gebou nie. “Daar is geen enkele definitiewe meetkundige vorm nie, geen regte lyn, geen behoorlike hoek, geen sirkel of ellipse nie” (Moerdyk 1935:27). Beide (die gestapelde klipmure en die gebrek aan meetkundige vormgewing) bevestig dat dit nie die produk van beskawing kon wees nie. Hy volstaan daarmee dat dit “tiepies” van, dit wil sê, eie aan Afrika, is.

Klaarblyklik het die saak na die vergadering van 14 April 1932 nie verder gekom nie. Moerdyk verdwyn uit die notules van die SVK, tot 7 April 1936, toe hy in Kaapstad, ter vergadering, sy finale en aanvaarde ontwerp aan die SVK kom uitlê het.

3. Die finale ontwerp: ’n mausoleum

By sy eerste vergadering van 1936, in Kaapstad op 25 Januarie, wys die SVK ’n “Vormsubkommissie” aan wat ’n verslag oor ’n gepaste ontwerp vir die beoogde monument moes

uitbring.¹² Dié kommissie, bestaande uit proff. T.J. Hugo (sameroeper), E.C. Pienaar en S.P. Engelbrecht, senator F.S. Malan, en mnre. J.J. Jordaan en J.J. Scheepers, het haas met die opdrag gemaak. Dit moes afgehandel word.

Die Vormkomitee (soos die “Vorm-subkommissie” ook genoem is) het reeds die volgende dag, op 26 Januarie 1936, ook in Kaapstad, sy planne agtermekaar gekry en die wiel aan die rol gesit. Dit het hoofsaaklik aangestuur op die insameling van voorleggings, ontwerpe en tekeninge van ’n monument met die oog daarop om aan die SVK ’n begronde aanbeveling voor te lê vir finale goedkeuring. Hugo sou in die “Noorde” en Jordaan in die “Suide” die aanvoorwerk doen.¹³ Of die Moerdykrylyn vir “professionele etiek” gevolg is, word nie vermeld nie.

’n Raps meer as twee maande later, op 6 April in Kaapstad, kon die Vormkomitee alle ingekome voorstelle (insluitende ’n hersiene ontwerp van Moerdyk) oorweeg en tot ’n aanbeveling kom.¹⁴ Die Suide se keuse het geval op die voorstel van prof. A.C. Bouman, wat ’n suil, geposisioneer binne ’n walaer, behels het. Die voorwaarde is egter dat in sy ontwerp die suil vervang moes word met die reuse- Voortrekkerfiguur deur Coert Steynberg.¹⁵ Dr. A.C. Celliers van Stellenbosch merk op dat hierdie groot figuur die “inkarnasie van die Voortrekker” is en gevolglik die norm en maatstaf word waaraan nakomende geslagte hulle kan meet.¹⁶

Uit sy verslag aan die SVK, wat die volgende dag vergader, blyk dit dat die Vormkomitee hom vereenselwig het met ’n kombinasie van die Stellenbossers E.C. Pienaar en A.C. Bouman se Voortrekkerlaer met dié van Moerdyk, “wat ’n gebou voorstel”.¹⁷ Uit die notule is dit nie duidelik of die Pienaar-Bouman-voorstel dieselfde is as die A.C. Bouman-walaer met suil wat by die vorige dag se vergadering oorweeg is nie. Dit is waarskynlik wel die geval. Dit kan aangeneem word dat Pienaar, as lid van daardie vergadering, se verbintenis met die suil en walaer-ontwerp onderspeel sou word.



**’n Afbeelding van Coert Steynberg se Voortrekkerfiguur, met geweer en Bybel
(Anoniem 1936d:5)**

Die Vormkomitee het senator F.S. Malan as sy woordvoerder aangewys. Aan die SVK het hy “op ’n duidelike, oortuigende wyse uiteengesit op welke gronde die Vorm-komitee besluit het”, notuleer die sekretaris, Scheepers, “om die Moerdyk-Pienaar-Boumanskets te

kombineer en die twee bo die ander uitgekies het”.¹⁸ In die eerste plek is die “laervorm tipies Afrikaans en lê ten grondslag van ons Afrikaners se verdedigingsmetode”. Hierbenewens, “voel ons volk ’n dringende behoefte aan ’n gewyde plek en die Moerdyk-gedagte leen hom pragtig vir hierdie doel”.¹⁹

Trouens, Moerdyk was terselfdertyd “op versoek ook teenwoordig om sy skets aan die vergadering te verduidelik”.²⁰ Die bronne gee geen toeligting om hierdie opvallende SVK-versoek te verklaar nie. Die argitek is immers “op versoek” reeds teenwoordig op die vergadering waarop die finale ontwerp goedgekeur sou word. Moerdyk was oortuig dat “dit moontlik sal wees om die twee gedagtes saam te smelt”. “Die mausoleum” – so vat hy sy ontwerp aan die hand van sy tekeninge saam – “moet uit graniet van dieselfde grootte as die stene van Simbabwe gebou word. Binne-in sal desverkie ’n sarkofaag aangebring word wat die beendere van Piet Retief en sy manne kan bevat. Rondom sal daar ruim plek wees om die oorblyfsels van ander Voortrekkers te begrawe.”²¹

Dit is duidelik dat trajekte uit die 1932-skets voortgesit word: ’n mausoleum en ’n sarkofaag om die helde van die verlede, en wat hulle gedoen het, op ’n gewyde plek te herdenk. Die kombinasie van (helde)graf en tempel, dus. Moerdyk laat ook meer besonderhede deurskemer oor die rede waarom hy die Zimbabwe-bouvalle (ook in die tweede voorstel) in die ontwerp opgeneem het, naamlik die verband met die gebruik van granietboustene wat dieselfde grootte as dié van Zimbabwe moet wees, en dus nie meer in verband met die statuur van dié besondere bouwerk nie.

Die keuse vir die ontwerp is gemaak. Die monument, in die vorm van ’n mausoleum uit graniet en met ’n sarkofaag vir Retief en sy afvaardiging, moes die volk in besit stel van ’n “gewyde plek”. Gerard Moerdyk word gevolglik ter vergadering aangestel as argitek met die opdrag om die plan saam met ’n aangewese boukommissie uit te voer.

Die volk (en ander belangstellendes) sou egter nog tot September 1936 moes wag voordat ’n skaalmodel van die beoogde Voortrekkermonument, uitgestal op die Rykstentoonstelling in Johannesburg, ’n fisiese beliggaming en sigbare indruk van die gebou sou weergee.

4. Die model op die Rykstentoonstelling: ’n heiligdom

Op besoek by die uitstalling saam met E.G. Jansen (speaker van die Volksraad en voorsitter van die SVK) en J.J. Scheepers (sekretaris van die SVK), is Moerdyk uitgesproke oor die groot gedagte onderliggend aan sy ontwerp. Sy kommentaar op die gebou is wyd gerapporteer. “The basic idea of the memorial ... was to erect a beautiful shrine inside a laager ... In the upper dome will be an opening for a shaft of light to filter in and illuminate a sarcophagus of Retief and his men,” berig *The Star* op 9 September 1936 (Anoniem 1936a). Volgens *Die Republikein* bevestig Moerdyk dat “die grondidee van die Voortrekkermonument ... is om ’n pragtige altaar binne ’n laer – die laer as verteenwoordigend van die verdedigingsmodel van die Voortrekkers – te hê” (Anoniem 1936b).



**Die skaalmodel van die Voortrekkermonument op die Rykstentoonstelling 1936
(Anoniem 1936f:10)**

Die skaalmodel laat egter duidelik blyk dat die oorspronklike (1932-) ontwerp met sy kenmerkende massiewe pylers nou plek gemaak het vir 'n saamgestelde, oorkoepelende en vierkantvormige granietgebou. Van 'n aksiale sentrale gang deur die sentrum van die gebou is daar geen beduidenis nie. Moerdyk tipeer sy tweede ontwerp steeds as 'n mausoleum, waarin die beendere van Retief en sy kommando in 'n sarkofaag 'n ereplek ontvang. Hierin is daar aansluiting by 'n gedagte wat by die eerste skets ook die toon aangegee het, naamlik dié van 'n eregraf-tempel vir die Voortrekkers. Die heiligdom of altaar word dus hiermee verbind.

Op die keper beskou, kan aangevoer word dat die buitelyne van die 1932-skets tog beslag gegee het aan die uiteindelijke vorm van die gebou. Sou die twee pylers van die oorspronklike skets in die geestesoog verbind word met 'n dak (soos Moerdyk 1935:32 die *tombes* van Egipte beskryf), verteenwoordig dit die basiese struktuur van die middelblok van die monument, soos dit op die vierkantfondament met kenmerkende trappe voor, wat oplei na die (tempel-) deuropening met kroonlids, geplaas is. Volgens Duffey (2006:28) kan in die hellende mure, die groot fasades, die deuropening, trapwerke en massiewe voorkoms elemente van die eerste ontwerp erken word. Die ontwerp toon verder 'n duidelike ooreenkoms met bekende Moerdykgeboue uit dieselfde tyd: die Merensky-biblioteek op die kampus van die Universiteit van Pretoria, met sy opvallende Egiptiese reliëfwerk, en ook die Suid-Afrikaanse Reserwebank aan Hoffmanplein in Bloemfontein. Duffey (2006:31) wys ook daarop dat aspekte wat Moerdyk in die ontwerp van die Merensky-biblioteek (waarmee hy op daardie stadium besig was) gebruik het, in die ontwerp van die monument teruggevind word. Sou die ontwerp van die monument in Pretoria dimensioneel aangepas word, en oorhoofs die bekende bostruktuur geplaas word om die koepels te huisves, word die vorm voltooi, gebaseer op dié van 'n Egiptiese tempel soos van Horus by Edfu. Moerdyk kan dit tereg 'n

heiligdom, 'n altaar, 'n eregraf met sarkofaag noem – alles in ooreenstemming met die antieke Egiptiese tempelbouwerke.

In die literatuur oor die ontwerp van die Voortrekkermonument word egter 'n sterk saak uitgemaak dat die finale Moerdykontwerp beïnvloed is deur die bekende Völkerschlachtdenkmal by Leipzig.²² In hierdie verband word ook daarop gewys dat die Vormkomitee by sy eerste vergadering op 26 Januarie 1936 die bemiddeling van die sekretaris van buitelandse sake gesoek het om soveel moontlike inligting in verband met nasionale monumente by lande met wie Suid-Afrika in betrekking gestaan het, in te win.²³ Onder die ingekome inligting was afbeeldings van die Völkerschlachtdenkmal, wat op hierdie wyse onder die aandag van Moerdyk sou gekom het.

Die Vormkomitee het inderdaad kennis geneem van sodanige inligting en foto's uit die buiteland op sy vergadering van 6 April 1936,²⁴ maar op daardie vergadering is Moerdyk se finale ontwerp aanvaar, sodat sy kennis van die Leipzig-monument nie op hierdie manier by hom uitgekóm het nie. Dit kan so wees dat hierdie monument 'n invloed op sy ontwerp gehad het, met name wat dimensies en geometriese ontwerp betref, maar die grondlyne vir sy ontwerp bly tog geanker in die oorspronklike Egiptiese tempelbouwerk. Faraó het klaarblyklik die monumentontwerp geïnspireer.

Die model van die monument op die Rykstentoonstelling het die openbare oog gevang. Immers, duisende het reeds bygedra tot die boufonds deur die koop van Voortrekkermonumentposseëls. Daarby het dit 'n regeringsprojek geword. 'n Publieke belang is daarin gevestig. Nie almal was met die ontwerp ingenome nie. Dit het deurgeloopt onder kritiek en bespreking. Op sy vergadering van 15 Januarie 1937 neem die SVK kennis dat daar “groepe mense is wat beswaar maak teen die vorm van die monument omdat dit te oosters is”; dit was vreemd aan die Afrikaner.²⁵ Soos besluit op sy vergadering van 5 Oktober 1936,²⁶ sou kritiek op die ontwerp slegs tot einde November ontvang word. Die Januarievergadering is oortuig dat Moerdyk die kritiek op 'n bekwame wyse hanteer.²⁷ Dit was egter nie genoeg nie. Aan 'n amptelike SVK-dokument is gevolg gegee, waarin 'n begronde verantwoording onder woorde gebring is. Dit staan onder die naam van die voorsitter (E.G. Jansen), hoewel dit duidelik is dat die argitek se mening en kundigheid daarin meegesprek het en gebruik is.

Die strekking daarvan is hoofsaaklik 'n reaksie op 'n opsomming van die belangrikste kritiek, voorhande in 'n dokument in die korrespondensielêer van die Vormkomitee.²⁸ In die standpuntstelling van die SVK²⁹ word in die bres getree vir die Moerdyk-ontwerp deur die simboliek en betekenis daarvan teenoor die geopperde kritiek te stel. Die keuse vir die vorm van die monument word eweneens verklaar.

In die trajek waarin die vorm en simboliek van die Voortrekkermonument uitgelê is, is hierdie dokument van besondere belang. Daarin moes die sáák vir die aanvaarde ontwerp van die monument uitgemaak word. Immers, die verbandlegging met die Egiptiese tempelargitektuur sowel as met die bouwerk van Zimbabwe, wat aan die hart van die vorm verbind is, het juis die gebou onder verdenking gebring. Die “heiligdom” het in die gedrang gekom. Hierop moes geantwoord word. Hoe is die verweer dus aangepak? Is die Egiptiese inslag gehandhaaf? Of is dit in die skadu gestel van 'n vertolking wat die vorm en simboliek van die gebou Afrikaner- en kultuurvriendelik sou interpreteer? Die amptelike mededeling gee hierop 'n duidelike antwoord.

5. 'n Oosterse tempel of die altaar van Abram?

“Daar word,” begin die verklaring, “vergelykings getref tussen die monument en ’n kragstasie, andere sien daar in ’n radiotoestel of Oosterse tempel, ’n peperbussie, ’n bruidskoek, in elk geval stom en sonder simboliek, vreemd en on-afrikaans.”³⁰ Hierbenewens word daar ’n ongunstige vergelyking met die Vrouemonument van Bloemfontein gemaak. Dit alles vra uitklaring.

Die groot gedagte in die monument is heeltemal anders dan dié in Bloemfontein. Daar moes uitdrukking gegee word aan ’n enkele emosie. Die lyding van die vroue en kinders in die oorlog en die konsentrasiekampe. Hier is heeltemal iets anders: geen nederlaag nie, maar oorwinning, die grootste oorwinning wat nog ooit in Suid-Afrika behaal is; met ’n komplekse sameloop van oorsake en gevolge wat nie meer deur een emosie tot sy volle waarde kan kom nie.³¹

Die gebou is dus sinnebeeld en vergestaltung van ’n oorwinning – hier lê die sleutel. Trouens, dit word nader uitgespel as “die grootste oorwinning wat nog ooit in Suid-Afrika behaal is ...”³² Hierdie oorwinning staan histories vas – volgens die opstellers – in die skepping en behoud van ’n blanke beskawing in die binneland van Afrika deur die toedoen van die Voortrekkers.³³ Die SVK is van mening dat die Voortrekkers die mense was wat die blanke beskawing na die binneland van Suid-Afrika gebring het en dit daar teen alle gevare en moeilikhede gehandhaaf het. “Dit was die groot ding en dit was iets wat niemand voor die trekkers reg gekry het” nie.³⁴ Daarom verdien hulle ’n monument.

Hierdie twee assosiasies – “die grootste oorwinning” en “blanke beskawing” – skep die platform om dan op te merk: “Die monument moet tegelykertyd onself weergee, die ons van die huidige geslag wat die monument oprig en aan die wêreld wys wat ons van die Voortrekkers en hulle dade dink.”³⁵ So word die band tussen die ontwerp van die monument en sterk gedeelde eietydse sentimente van die Afrikanervolk gelê. Dit stuur weg van enige verwantskap met ’n “Oosterse tempel” of Egiptiese bouwerk. Die monument is deur en deur ’n volkseie saak. Dit is die eerste punt wat die dokument stel.

Die tweede punt hang saam met ’n omlýnde vraag: Hoe kan al hierdie dinge beliggaam word in een monument? Die antwoord is merkwaardig: “Ons lees” – bedoelende in die Christelike Bybel – “in verband met die trek van Abraham (sic) uit Ur der Chaldiën, en met die oog op die godsdienstige gesindheid van die trekkers is dit nie onvanpas, waar Abraham by sy doel kom en hy hom vestig: ‘Hy bouwde aldaar een altaar.’”³⁶ Daar word onmiddellik toegegee dat ’n altaar soos dié van Abram “nie vandag gebruik word” nie. Daar moet iets in die plek daarvan kom. “Laat ons dus daarvoor ’n heiligdom in die plek sit, ’n plek van toewyding waar die Afrikaner in noue gevoel hom met sy verlede en sy toekoms voel.”³⁷ So moet hierdie “heiligdom ... ’n weergawe wees van die Voortrekkers, die land Suid-Afrika en onself,” word verduidelik.³⁸

Dit is die eerste keer dat die monument verbind word met die bouwerk van die Bybelse Abram, naamlik sy altaar. Die SVK impliseer dat dit eie aan die godsdienstige aard van die Voortrekkers sou wees om, soos Abram, waar hy hom uiteindelik gevestig het, ’n altaar te bou. Die gedagte aan ’n altaar is wel by die uitstalling van die skaalmodel by die Rykskou opgehaal, maar daar is dit opsigtelik in verband met die offer en lyding van Retief gebring. Hier word dit in verband gebring met Abram, wat getrek het, hom gevestig het en ’n altaar

gebou het. Hier word dus gesinspeel op 'n gesagvolle Bybelse verwysingsraam en 'n godsdienstige ingesteldheid (behorende by die voorbeeldige en navolgenswaardige Voortrekkers) wat in die onderneming om 'n monument op te rig, van pas sou wees.

Die gebruik van juis Bybelse geskiedenis as begroning vir die motief om die gedenkgebou op te rig verteenwoordig 'n belangrike punt in die argument van die SVK. Tog is dit duidelik dat die Bybelse teks slegs as 'n gesagdraende verwysing aangewend word. Die Skriftuurlike betekenis van die teks, en gevolglik die altaar, word as sodanig nie oorweeg of in ag geneem wanneer die argitek dit as die grondliggende idee vir sy ontwerp aandui nie. Dit word trouens doelbewus laat vaar. In die plek van die Abram-altaar word 'n eie (Afrikaner-) heiligdom ingeskuif, omdat 'n altaar soos dié van Abram “vandag” nie meer gebruik word nie. Dit is 'n plek van toewyding waar die Afrikaner in noue voeling met sy verlede en toekoms kom. In hierdie opsig is die monument as heiligdom dus 'n “weergawe van die Voortrekkers, die land Suid-Afrika en onself”. Dit het – tereg – niks meer te doen met Abram se altaar in die Bybel nie. Dit is wel 'n vraag waarom Abram tog 'n aanspraak toegesê word op die simboliek en betekenis van die monument. Enersyds word hiermee deur die SVK aan die oorsprong van die monument 'n betroubare (Bybelse) grondslag gegee. Andersyds word die Egiptiese (of “Oosterse”) assosiasie hierdeur verberg. Hier vind in die argument dus 'n veelseggende ruil plaas: Faraó moet plek maak vir Abram. En daarmee sou die Afrikanervolk uiteraard vir lief neem. Tog is die Afrikaner-heiligdom, waarmee die uitgediende Abram-altaar vervang word, meer Egipties as Bybels.

Die dokument opper nog twee argumente om die monumentontwerp van 'n tuiste by die volk te verseker. Die vorm en struktuur van die monument, as plek van toewyding, gee in argitektuur en graniet uitdrukking hieraan. Die Voortrekkers het beskawing ingedra en dit – *beskawing* – beteken in die boukuns niks anders nie as orde en meetkunde. Hier word dus die derde punt gemaak. Én kry die aanvanklike verwysing na die Zimbabwe-bouvalle 'n nuwe betekenis. Dit word as volg verduidelik:

Die Voortrekkers het beskawing hier gebring; beskawing in boukuns beteken orde, meetkunde. Die Voortrekkers self het geen monumenteboukuns gehad nie, dus ons kan hulle nie volg nie. Die barbaar het wel boukuns gehad, maar sonder meetkunde. Die grootste ou bouwerke in Suid-Afrika, naamlik dié van Zimbabwe, is vreemd aan alle meetkunde, daar is geen regte lyne, geen sirkel, geen enkele meetkundige vorm nie. Maar wat daar wel aangetref word, is 'n natuurlik en buitengewone effektiewe gebruik van natuurlik graniet. Die gebruik van granietklip is daar mooier as ergens elders. Is dit nou onvanpas dat beskawing orde bring in gaos?³⁹

Dit is die rede waarom die monument se sterk-ontwikkelde geometriese ontwerp van binnelandse boumateriaal gebruik maak – maar op 'n Afrikaanse manier. “Die ontwerp is een van vierkante, kube, sirkels en vlakke. Alles in harmonie met ons tafelvormige landskap.”⁴⁰ So gesien, staan die monument en sy ontwerp dus (gerusstellend) teenoor die Zimbabwe-bouwerk, terwyl dit (slegs) by die manier waarop granietklip daarvoor benut is, aansluit.

Die ontwerp word vierdens histories verinheems. Binne die monument is 'n “groot ruimte, 100 voet by 100 voet by 100 voet hoog. Hier in die gewyde ruimte sal die Afrikaner by sy verlede wees.”⁴¹ Dan verder:

En daar in die ander verdieping met die verligting deur één sonnestraal, is die sarkofoag van Piet Retief en sy 70 manne wat die hoogste prys betaal het om Suid-Afrika vir ons bewoonbaar te maak. Is daar iemand wat hierteen beswaar kan maak? ... Hier kan ieder sien die mooi daad van dapperheid en opoffering in ons geskiedenis en hier kan hy die belofte doen om daarop voort te bou.⁴²

So gesien en uitgelê, is die Voortrekkermonument uit die volk en vir die volk. Dit is geen Oosterse tempel nie, nóg 'n reproduksie van die Zimbabwe-bouvalle. Dit is 'n plek van Afrikanertoewyding met die aangesig gerig op die Afrikanergeskiedenis. 'n Ander lyn van interpretasie en onthulling van die simboliek van die monument ontplooi.

Sou die nuwe lyn van uitleg in die vervolg die botoon voer? Met die aankoms van die Simboliese Ossewatrek op 2 November 1938 op Heilbron in die Vrystaat was Moerdyk die gasspreker. Hier sou hy oor die monument praat. In die weergawe van sy toespraak word vermeld dat hy die monument 'n altaar, 'n heiligdom én 'n tempel genoem het. "Dit is 'n altaar," word hy aangehaal, "wat die grootste opoffering wat die mens kan doen, moet simboliseer en terselfdertyd 'n simbool moet wees van die dank van die nageslag" (Mostert 1940:461). Hier handhaaf hy die assosiasie met lyding, en die offer van die lewe, soos dit met Piet Retief gebeur het. Hierdie altaar, gaan hy voort, is gebou waar almal dit kan sien, bo-op 'n berg. Om die altaar is 'n Voortrekkerlaer "om die heiligdom van die Afrikaner te beskerm, om weg te hou alles wat nie Afrikaans is nie, alles wat in stryd is met die ideale van die Voortrekkers" (Mostert 1940:461).

Derdens is die monument volgens Moerdyk ook 'n tempel. Maar hy bring dit in verband met "die tweede gedeelte van Sarel Cilliers se geloftes" (Mostert 1940:461). Daarmee word gesinspeel op die feit dat die teks van die Gelofte melding maak van die oprigting van 'n tempel tot eer van God. Die "tempel" wat in die tekste van die Gelofte voorkom, slaan egter duidelik op die bou van 'n kerk. Niks meer nie. Of Moerdyk hiermee die kritiek van twee jaar tevore op die monument as die beeld van 'n Oosterse tempel probeer hokslaan deur die begrip *tempel* eie aan 'n bekende godsdienstige teks uit die Afrikaner se volksgeskiedenis by te haal en sonder meer aan sy monument te verbind, is 'n ope vraag. Of hy dit verduidelik het, is nie opgeteken nie. Wat wel opgeteken is, is dat hy dit "'n bewaarplek vir die hoogste God van die Afrikaner" (Mostert 1940:461) sou noem. Wat sit agter die gedagte wat Moerdyk op hierdie manier onder woorde bring? In die tradisie van die Afrikaner is 'n kerkgebou nêrens in verband met 'n "bewaarplek van die hoogste God van die Afrikaner" gebring nie. Van God kan geen beeld gemaak word om in 'n gebou "bewaar" te word nie. Met 'n Christelike kerkgebou het dit gevolglik niks te maak nie.

Dit is wel gepas om 'n Egiptiese tempel die bewaarplek van 'n allerhoogste god te noem. Dáár sou die gode in beeld verewig wees. Bring Moerdyk gevolglik sy oorspronklike idees oor – via die "Sarel Cilliers geloftes" (sic) – aan die Christelike godsdienssin van sy hoorders? Daarmee is sy uitleg natuurlik in 'n bepaalde rigting gestuur. Weg van Farao, maar in die rigting van 'n Afrikaner-heiligdom, wat op sy beurt nader aan Abram as aan Farao sou staan.

Moerdyk het daarna nog in twee stelle dokumente die simboliek en betekenis van die gebou aan die orde gestel. Die eerste stel verskyn in druk rondom die hoeksteenlegging (16 Desember 1938) van die gebou. Die tweede stel staan weer met betrekking tot die inwyding

(16 Desember 1949) van die Voortrekkermonument. In beide het Moerdyk op 'n meer genuanseerde manier as by Heilbron die oorsprong en ontwerp van die monument uitgeklaar.

6. Moerdyk konsipieer sy groot gedagte: dit is 'n volksmonument

In die *Program vir die Sentrale Voortrekker-Eeufees 14–16 Desember 1938* skryf Moerdyk dat elke monument inderdaad die doel wat sy bouers voor oë gehad het, aan diegene wat dit aanskou, moet vertolk (Argitek 1938:31). By die hoeksteenlegging sou dit egter nie vir die feesgangers moontlik wees “om die ontwerp en die inspirasie wat daartoe aanleiding gegee het, te verstaan nie” (Argitek 1938:31), omdat die gebou nog prematuur en afwagting in sy fondasies genestel het. Vir Moerdyk is dit dus gepas om hier 'n beknopte uiteensetting van die “simboliek van die Voortrekker-Monument as volksmonument” – so tipeer hy sy ontwerp nou – te gee (Argitek 1938:31).

Die ontwerp van die gebou berus in sy geheel, skryf hy, “op die begeerte om deur die monument die karakter van die Voortrekkers te vertolk en hulde te bring aan die roepingsdaad deur hulle volbring” (Argitek 1938:31). Hierdeur, beklemtoon hy, is die ontstaan en voortbestaan van die Afrikaanse volk moontlik gemaak. Hierbenewens “(is) ons volk ... by uitstek 'n godsdienstige volk, en wanneer ons 'n monument oprig ter ere van die voorgeslag, moet dit vanselfsprekend daardie karaktertrek uitbeeld, anders is dit vreemd aan ons volksaard” (Argitek 1938:31). Die Voortrekkermonument is volgens die Gelofte voor die Slag van Bloedrivier, aldus die Moerdyk-interpretasie, 'n tempel. Die gedagtesprong wat in hierdie verband by Heilbron gemaak is, slaan hier weer deur in sy argument.

Met hierdie (onnoukeurige) verbandlegging meen hy om die geskiedenis by te haal en te laat meesprek. In die 19de-eeuse tekste van die 1838-onderneming teenoor God is daar wel sprake van 'n tempel, maar is, soos hier bo opgemerk, daarmee bedoel dat 'n kerkgebou opgerig sou word in dien die oorwinning na hulle kant sou uitval. Moerdyk maak die monument op die klank van die Gelofte af 'n tempel, dus “afgesonder van die gewoel van die daelikse lewe en sterk van struktuur, soos die voorgeslag was” (Argitek 1938:31). Dit is nie meer die bewaarplek van die “allerhoogste God” van die Afrikaner nie. Maar dit is nou ook nie meer die tempel van Faraon nie.

Gebou uit feitlik “onvergangbare graniet, sal dit elemente van die harde Suid-Afrikaanse natuur vir duisende jare trotseer net soos die Voortrekkers dit gedaan het, om aan die nageslag getuie af te lê van die beskawingsdaad van die Groot Trek” (Argitek 1938:31). Hierdie daad vind hy histories in die stigting en bestendiging van die “blanke beskawing in die binneland” (Argitek 1938:31), waarvoor die Voortrekkervrou, as moeder van die familie, die onsterflike besieling was. Daarom is 'n ereposisie vir haar by die ingang tot die monument gereserveer. So ontknoop Moerdyk in sy ontwerp – “die volksmonument” – 'n historiese daad van konsekwensie wat gehuldig moet word in terme van die godsdienstige aard van die Afrikanervolk. Dit moet, met ander woorde, toeganklik wees vir 'n tipiese Afrikanerspiritualiteit waarin die eie Afrikanergeskiedenis godsdienstig geklee is.

In die onderste verdieping is die sarkofaag, gebou van Afrikaanse marmer om “die wêreld en die nageslag te herinner aan die offer wat Piet Retief en sy manne vir hulle ideaal gebring het” (Argitek 1938:33). Sou die spiritualiteit wat Moerdyk in en om die gebou veronderstel,

by hierdie offergedagte aanklank vind? Hoewel die SVK sowat 20 maande tevore die klem op die grootse oorwinning laat val het, verskuif die ontknoping van die betekenis van die gebou telkens, in verband met die sarkofaag as middelpunt, na die offer en dood van Retief, die ervaring van smart, lyding en pynlike herinneringe, en nie na die oorwinning van Pretorius by Bloedrivier nie. Sou die Afrikaner se hartstogtelike spiritualiteit, wat onder die tweede en derde geslag ná die Anglo-Boereoorlog (1899–1903)⁴³ ontplooi het, hier, by die Retief-offeraltaar, inslag vind? Hierdie spiritualiteit wat die Afrikaner tydens die Simboliese Ossewatrek en by die hoeksteenlegging van die monument so onverwags aangegryp het, en selfs herskep is, wag egter nog op beskrywing. Die artikel bepaal hom by die “gedagtes” van Moerdyk. Hy sluit sy verklaring van die monument af deur daarop te wys dat óm die gebou ’n behoudende laer is, die “uiterlike teken van beskerming vir die Afrikaner en onafskeidbaar vasgekopel aan die geskiedenis van die Groot Trek” (Argitek 1938:33).

In die uitgawe van Desember 1938 van die Potchefstroomse blad *Koers* beklemtoon Moerdyk eweneens dat dit “noodsaaklik (is) om die Monument aan Afrikaners te verklaar, om ’n uiteensetting te gee van die noodsaaklikheid van so ’n monument sowel as die motief te verduidelik wat die inspirasie gegee het vir die ontwerp daarvan” (Moerdyk 1938a:1). Die noodsaaklikheid van ’n gedenkteken soos dié van die Voortrekkermonument staan volgens hom in verband met die geskiedenis van die oprigting van gedenktekens in Suid-Afrika. Moerdyk meen dat gedenktekens eensydig die Britse invloed in Suid-Afrika uitbeeld, terwyl die “beskawingswerk van die Afrikaner eenkant gedruk” word (Moerdyk 1938a:1). Dit vra nou om regstelling. In die *Kwartaalblad van die Afrikaans-Duitse Kultuur-Unie* gebruik hy dieselfde argument. Die enigste “Afrikanermonument” is die Vrouemonument in Bloemfontein. Daarom is dit nou, skryf hy, “wenslik om ’n sigbare en tasbare bewys te lewer van die aandeel van die Afrikaner aan die ontwikkeling van die land” (Moerdyk 1938b:5). Die Voortrekkermonument is derhalwe ook ’n Afrikanermonument.

Vir die *Koers*-leeskring omskryf hy die beskawingsdaad van die Voortrekkers as “die grootste enkele onderneming wat ooit in die wêreldgeskiedenis aangepak” (Moerdyk 1938a:1) en boonop met skitterende sukses voltooi is. Dit het buitengewone ondernemingsgees en volhardingsvermoë geveer en verteenwoordig ’n omwenteling waarop die volk met reg trots kan wees. Weer voer hy aan dat die Voortrekkers ’n “blanke beskawing gestig (het) waar voorheen barbarisme hoogty gevier het” (Moerdyk 1938a:1). Uiteraard ontvang die Voortrekkervrou die ereposisie hiervoor. Die monument word uit graniet gebou wat, byna onverganklik, vir duisende jare sal hou, as uitbeelding van die Voortrekkers se onverganklike aard. Daarom word dit ’n groot monument ter ere van ’n groot daad. Die vier granietfigure op die hoeke van die gebou is “simbolies van die vier hoekstene van die Afrikanervolk” (Moerdyk 1938a:2). Hy gee egter geen aanduiding van wat hy hiermee in gedagte het nie.

Dan verduidelik die argitek die vorm van die gebou. Dit bestaan uit drie verdiepings. Heel onder is die sarkofaag van marmer, simbool van die hoogste offer wat gebring is vir die Voortrekkers se ideaal. Op die sarkofaag is die woorde “Ons vir jou Suid-Afrika” uitgebeitel en op 16 Desember elke jaar val die sonlig van bo af op hierdie woorde (Moerdyk 1938a:2). Die sentrale saal is ’n eresaal met historiese friese teen die mure. Die saal is vir “almal wat in verlede, hede en toekoms nog sal meehelp en bydra tot verwesentliking van die groot Voortrekkerideaal van ’n apartstaande blanke kultuurvolk” (Moerdyk 1938a:2). Die boonste verdieping is ’n wandelgang en bied uitsig oor die wye landskap: na die weste die industrieë van Pretoria, na die suide die Witwatersrand, na die ooste die Premierdiamantmyn en na die

noorde, anderkant die Magaliesberg, die wye vlaktes tot teen die Waterberg (Moerdyk 1938a:2).

“Ons volk is by uitstek ’n godsdienstige volk,” sluit hy sy beskrywing af, “en ’n Monument wat ons volkskarakter moet vertolk, moet vanselfsprekend die karakter van ’n kerk weergee, ’n afgesonderde terrein, beskerm van die daelikse gewoel en die dreigemente van die al te snelle pas van die moderne lewe” (Moerdyk 1938a:3–4). Die laer rondom die monument is die uiterlike teken van die beskerming vir die Afrikanervolk en kenmerkend van die geskiedenis van die Groot Trek (Moerdyk 1938a:4).

Die laaste 1938-dokument, waarin hy die monument vir die *Kwartaalblad van die Afrikaans-Duitse Kultuur-Unie* beskryf, sluit hierby aan. Die Voortrekkermonument moet “die hele gemoedstoestand en geskiedenis van die Afrikaner weergee,” merk hy op. Derhalwe is “die grondslag ... ’n godsdienstige: dit is ’n tempel geplaas binne ’n ruim muur van laerwaens” (Moerdyk 1938b:5). Die verwysing na Sarel Cilliers ontbreek. Die walaer is die simbool van beskerming en is gebruik om die Voortrekkers te behoed “teen die aanval van die barbaar” (Moerdyk 1938b:5). In die geval van die monument word dit die “simbool van beskerming teen alles wat on-Afrikaans is, teen alles wat teen ons geskiedenis indruis” (Moerdyk 1938b:5). Die uiteensetting van die vorm en inhoud van die gebou kom ooreen met dit wat hy vir *Koers* aangebied het. Hierdie grootse monument is gebou – dit is sy laaste opmerking – “op die grootpad van Kaap tot Kairo midde in die grootste bevolkingsentrum van Suid-Afrika” en betuig die rol van die Afrikaner in die ontwikkeling van die land (Moerdyk 1938b:6).

In hierdie drie dokumente val die klem op die historiese daad van die Voortrekkers waardeur die Afrikanervolk moontlik gemaak is. Daarom kom daar nou ’n waardige monument langs die grootpad na die noorde, as simbool van die bydrae van die Afrikaner tot die ontwikkeling van die land. Dit is ’n kleinood wat beskerm moet word. Eenkant, weg van die gewoel van die stad en sy lewe, word dit opgerig om in die atmosfeer van ’n tempel of kerk ’n gewyde plek te skep waar die herdenking van die groot daad op waardige wyse beleef kan word. Dit staan in diens van die godsdienstige aard van die volk. Beide Farao en Abram verdwyn uit die gesigsveld.

7. Simbool van die Afrikaner se triomf

Moerdyk sou nog een keer die gedagtes wat aan die ontwerp van die monument beslag gegee het, in oënskou neem. Dit doen hy 11 jaar later in drie dokumente wat rondom die inwyding van die voltooide gebou in 1949 die lig gesien het. In die *Amptelike program en gedenkboek Pretoria 13 tot 16 Desember 1949* bespreek hy dit in ’n uiteensetting van die betekenis en simboliek van die monument (Moerdyk 1949c:43–8). In twee ongepubliseerde artikels, naamlik “Ontwerp en simboliek van die Voortrekkermonument” (Moerdyk [1949a]) en “Die wording van die Voortrekkermonument” (Moerdyk [1949b]) doen hy dit ook. Beide is opgeneem in die Moerdyk Dokumente as onderdeel van die Spesiale Versamelings in die Merensky-biblioteek van die Universiteit van Pretoria. Op grond van byvoorbeeld verwysings na die voltooide historiese fries en die dood van E.C. Pienaar (1882–1949) (Moerdyk [1949b]:1) word beide in die jaar 1949 gedateer.

Die ontwerp, stel Moerdyk sy uitgangspunt in die *Amptelike program en gedenkboek*, berus op die begeerte om deur die monument die karakter van die Voortrekkers te vertolk en hulde te bring aan die daad deur hulle volbring. In sy oë is hierdie daad die “stigting van ’n blanke staat op die hoogland van Suid-Afrika” (Moerdyk 1949c:44) wat die “handhawing van die blanke ras”⁴⁴ en “blanke beskawing”,⁴⁵ “waardeer die ontstaan en voortbestaan van die Afrikaanse volk moontlik gemaak is”,⁴⁶ tot gevolg sou hê.

In “Ontwerp en simboliek van die Voortrekkermonument” skryf hy dat die doel van die monument is “om in tasbare vorm ’n huldebewys te lewer aan ’n Groep Mense wat ’n Groot Daad verrig het”, ’n ongeëwenaarde daad waardeur “Ons Vaderland Ons s’n Geword” het (Moerdyk [1949a]:1). Die gebou moes dus ’n simboliese weergawe word van die Groot Daad en die karakter uitbeeld van die mense wat dit verwesenlik het (Moerdyk [1949a]:4). Hierdie daad verdien ’n monument waarin die verlede lewend gemaak kan word. Dit moet ’n duisend jaar kan staan en aan die nageslag die geskiedenis en betekenis van die Groot Trek verduidelik: “[D]it moet groots van gees wees en eer toebring aan wie eer toekom” (Moerdyk [1949a]:2).

Hiervolgens is dit duidelik dat Moerdyk se beskouing van die Voortrekkers en wat hulle sou vermag het, steeds tot spoorslag vir sy monumentontwerp dien. Die gebou is bedoel om dit te verkondig. Hy vat dit in drie punte saam. Eerstens is die monument vir die nasate van die Voortrekkers “die transportbewys van die ontsettende prys wat hulle voorvaders in bloed en tranes vir hierdie land betaal het” (Moerdyk 1949c:48). Die monument is dus die “simbool van die Afrikaner se eiendomsreg op hierdie land” (Moerdyk 1949c:48). Die antwoord op die vraag aan wie hierdie land eintlik behoort, word in die Voortrekkermonument gegee (Moerdyk 1949c:48). Die historiese fries wat as reliëfwerk aan die binnemure aangebring is, “is die simboliese traktaat van die eiendomsreg van die Afrikaner op Suid-Afrika” (Moerdyk 1949c:48; Moerdyk [1949a]:5; Moerdyk [1949b]:7).

Dit is die eerste keer dat Moerdyk die boodskap munt van die monument as ’n simbool van ’n grenslose en uitsluitlike territoriale aanspraak. Dit gaan heelwat verder as die inskakeling van die monument by die nasionalisme en godsdienstige ingesteldheid van die Afrikaner, soos hy dit in 1938 by die hoeksteenlegging gedoen het. Toe sou die gebou, by sy voltooiing langs die grootpad na die noorde, die rol van die Afrikaner in die ontwikkeling van die land simboliseer. Niks meer nie. Het Moerdyk nie besef dat die antwoord op hierdie mees fundamentele vraag aan die geskiedenis én die toekoms van Suid-Afrika, wat juis tóe in die sentrum van die openbare politieke debat opslae gemaak het, genuanseerdheid afgedwing het nie? Bodembesit, eiendomsreg en die beslaglegging op die geskiedenis laat sigself nie so eensydig koloniseer en in gedenktekens van klip as bakens daarvan oprig nie. Soos Moerdyk goed geweet het. Maar, hy verberg die probleem deur die monument triomfantelik aan die hand van ’n mandaatreg van die Afrikaner op die land te ontsluit. Hierdie ondeurdagte en ongegronde opmerking sou gevolge dra. Toe die monument later in die eeu, tydens die politieke wending en deurbreek van ’n nuwe landsbestel, wéér onder verdenking kom, is juis hiérvan aanspraak uitgelig om die omstredenheid van die gebou as monument te bevestig (Steenkamp 2006:254).

Tweedens wys Moerdyk daarop dat die monument van graniet gebou is, die mees blywende materiaal beskikbaar (Moerdyk 1949c:47). Op hierdie punt kom hy terug op die Zimbabwe-bouvalle, ’n saak wat reg uit die staanspoor, so ver terug as sy eerste 1932-skets, in die uitleggeskiedenis van die ontwerp telkens verwysing opgeroep het. “Die materiaal en die

motief is dieselfde as wat in Simbabwe gebruik is” (Moerdyk 1949c:47). Die bouvalle van Zimbabwe skep ’n visie van grootsheid deur die gebruik van klein eenhede van graniet en die skuinste van die mure, en dit kon as die voorbeeld in die Voortrekkermonument gevolg word (Moerdyk 1949c:47).

Terloops, ’n skaalmodel van die Zimbabwe-bouvalle, herstel in hulle (veronderstelde) volle glorie, was ook op uitstalling by die Rykskou in 1936 te sien. Dit onderstreep nie net die belangstelling wat destyds hierdie bouvalle toegekam het nie, maar gee ook ’n visuele indruk van die bouwerke wat Moerdyk in gedagte gehad het. Dit word hier onder weergegee.



**’n Model van die Zimbabwe-bouvalle op die Rykstentoonstelling 1936
(Anoniem 1936e:15)**

Dit hang alles weer – derdens – saam met Moerdyk se poging om die grootsheid van Afrika – nie net die Voortrekkerdaad nie – in die gestalte van die gebou te versinnebeeld. Afrika is eenvoudig oorweldigend. En dan merk die argitek op: “Dit is dan ook geen wonder nie dat daar van alle volke slegs een was wat uiting aan hierdie geweldigheid van Afrika kon gee, naamlik die Egiptenare. Selfs hulle kleinere bouwerke word deur die idee van geweldigheid, majesteit, en grootheid gekenmerk.”⁴⁷ Die indrukwekkende grootsheid van die Egiptiese bouwerke is dus opgeneem in die statur van die monument. Hiermee leun hy weer aan teen die saak wat hom oorspronklik aangespreek het, en wat hy voor 1937 as ’n uitgangspunt vir sy ontwerp gestel het, naamlik die bouwerke van die Egiptenare. Veelseggend tipeer hy die monument nou nie as ’n tempel, of mausoleum, of heiligdom nie. Maar, is die verwysing nie tog ’n sinspeling daarop dat Farao die inspirerende gees agter die ontwerp is nie? Of kom dit van elders? In die tersaaklike dokumente gee hy ’n interessante antwoord.

8. Die oorsprong: Abram uit Ur van die Galdeërs

Wie hét Moerdyk die idee vir sy skepping in die oor gefluister? In die *Program en gedenkboek* (1949) wys hy daarop dat dit ’n uiters moeilike taak was om ’n waardige monument te konsipieer, “omdat dit haas onbepaalbaar was watter soort gedenkteken reg aan die dae van die Voortrekkers sou laat wedervaar” (Moerdyk 1949c:44). Terwyl daar so gedink en gesoek is, skryf hy, het die gedagte opgekom: “Wat sou die Voortrekker self

gedoen het as hulle so 'n monument moes bou?" (Moerdyk 1949c:44). Sy antwoord is dat hulle na die Bybel sou gaan en daar na "gelyke omstandighede sou soek en daarvolgens handel" (Moerdyk 1949c:44). Moerdyk veronderstel natuurlik dat die Voortrekkers die Bybel sou geraadpleeg het om 'n monument te bou. Hy werk ook met die aanname dat hulle die Bybel sou gelees het met die oog daarop om daarin omstandighede te vind wat met hulle situasie sou ooreenkom. Dit is 'n vraag of die Bybel destyds wél só gelees en verklaar is. Dit moet nog ondersoek word of die oorsprong van Moerdyk se opmerkings nie tog in die eie tyd lê, waarin populêre assosiasie 'n verband tussen die geskiedenis van die Ou-Testamentiese Israel en die Afrikanervolk ingedink het nie.

Moerdyk is wel daarvan oortuig dat die Voortrekkers die "gelyke omstandighede" in die "uittog van Abraham (sic) uit Ur-der-Chaldeën gevind het" (Moerdyk 1949c:44). Ook daardie aartsvader het, soos hulle, die vaderland verlaat om 'n nuwe staat te stig. Daar word dikwels gelees dat hy in sy omswerwinge 'n altaar gebou het. Dit is dus wat die Voortrekkers sou gedoen het: hulle sou 'n altaar gebou het (Moerdyk 1949c:44). Hiermee tel hy weer 'n lyn op wat toentertyd, in 1937, in die interpretasie en singewing van die gebou geopper is.

In die ander twee dokumente bring hy die geskiedenis van Abram en sy altaar ook in besonderhede ter sprake. Klaarblyklik heg Moerdyk groot waarde hieraan – iets wat hy 11 jaar tevore by die hoeksteenlegging nie gedoen het nie. In "Ontwerp en simboliek van die Voortrekkermonument" stel hy die hipotetiese vraag: Gestel die Voortrekker sou 'n monument wou oprig, waarheen sou hy vir leiding gaan? Die Voortrekkers sou, "soos met al hulle probleme, na die Heilige Skrif" gegaan het om daarin aanwysing te kry om 'n monument op te rig. "Hy sou soos Abraham (sic) toe hy getrek het uit Ur-der-Chaldeën om 'n nuwe staat te stig," beweer Moerdyk, "sy monument godsdienstig gemaak het" (Moerdyk [1949a]:4). Dat Abram 'n altaar gebou het, "was dan die leidraad vir die ontwerp van 'n plan vir die Voortrekkermonument" (Moerdyk [1949a]:4), lê Moerdyk die oorsprong van sy gedagtes bloot.

In "Die wording van die Voortrekkermonument" kom die argument ooreen met die een in die *Program en gedenkboek*: in die soeke na leiding om 'n monument op te rig, sou die Voortrekkers die Bybel geraadpleeg het, maar op so 'n manier dat hulle daarin "na gelyke omstandighede (sou gesoek het), en daarna sou hulle gehandel het" (Moerdyk [1949b]:2). "Hier sou die omstandighede gelyk gewees het aan die uittog van Abraham uit Ur-der-Chaldeën" (Moerdyk [1949b]:2). Moerdyk meen dat Abram weggetrek het om 'n beloofde land te vind en om 'n nuwe staat te soek en te stig "vir hom en sy nageslag, en as ons die hoofstuk lees, dan kry ons telkemale hierdie sin: 'Hy bou aldaar 'n altaar'" (Moerdyk [1949b]:2). Elke keer as hy tot rus kom, bou hy 'n altaar. "Dit is dan wat die Voortrekkers sou doen" (Moerdyk [1949b]:2). Hulle sou 'n altaar gebou het. Soos, en omdat, Abram dit gedoen het.

Alles in ag genome, gee Moerdyk te kenne dat die oerbegin, die genesis van wat uiteindelik as die monument uitgroeit het, ontkiem het in die altaar wat Abram uit Ur van die Galdeërs gebou het. By Abram, by die bou van sy altaar, sou die Voortrekkers inspirasie geput het om 'n eie monument, dus met 'n godsdienstige karakter, op te rig. En dít het vir Moerdyk die weg gebaan om sy groot gedagte as 'n altaar te konsipieer. So gesien, sou 'n mens moet sê dat Abram die monument geïnspireer het. En nie Farao nie.

Die Abram-altaar is dus, volgens Moerdyk, die sentrale gedagte in die Voortrekkermonument. Die altaar lê diep in die sentrum van die gebou (Moerdyk [1949b]:4), wat daaromheen, in al wyer wordende sirkels, verrys. Maar dan gee die argitek aan hierdie altaar vleuels: “[D]eur die eeue heen en by alle volke stel die altaar offer en wyding voor” (Moerdyk 1949c:44). Dit kom saaklik ooreen met die opmerking wat in die 1937-verweer gemaak is. Toe is aan die hand gegee dat in die plek van die altaar ’n heiligdom geplaas moet word. Hier, in 1949, word dit anders onder woorde gebring. In die Voortrekkermonument, skryf Moerdyk, *neem die altaar die vorm aan* van, of word dit *getranssubstansieer* tot, ’n *sarkofaag*, om te herinner “aan die hoogste offer ... wat Piet Retief en sy manne vir hul ideaal gebring het”.⁴⁸

Hierdie simbool van opoffering dien as middelpunt van die gebou (Moerdyk [1949a]:4). Op die sarkofaag, uit Afrika-graniet vervaardig, is die volgende woorde gegraveer: “Ons vir jou Suid-Afrika”, “sodat almal kan weet waarvoor die aller grootste offer, naamlik die lewe self, gebring is” (Moerdyk [1949a]:4). So word die monument simbool van die “altaar van die Afrikanerdom” wat deur die walaer rondom omsluit word (Moerdyk 1949c:45).⁴⁹

Om die juiste toon te tref moes die gebou dus nie net die verhewe en onvolprese status van die grootsheid en grensloosheid van die Voortrekkerdaad uitbeeld nie, maar is dit ook weerspieël in ’n spesifieke Bybelse geskiedenis. Hiervoor kies Moerdyk die geskiedenis van Abram, soos dit opgeteken is in Genesis 11:27–12:9. In sy verdere uitleg van die vorm van die gebou versterk hy selfs die verbandlegging met Abram. Die sigsagvorm wat rondom die monument aangebring is, is die simbool van water, en volgens Moerdyk dui dit in die ou bouwerke en geskrifte op vrugbaarheid. “Die motief,” skryf hy in die *Amptelike program en gedenkboek*, “is sinnebeeldig van die verordening wat aan Abraham gegee is: ‘Wees vrugbaar en vermenigvuldig uself’, waaruit die gedagte voortvloei om Suid-Afrika ’n witmansland te maak en te hou” (Moerdyk 1949c:47). In beide “Ontwerp en simboliek van die Voortrekkermonument” (Moerdyk [1949a]:7) en “Die wording van die Voortrekkermonument” (Moerdyk [1949b]:5) haal hy hierdie Bybelse verwysing ook op. Weereens verdraai hy dit. In laasgenoemde skryf Moerdyk dat vrugbaarheid (voortplanting) die vereiste was vir die voortbestaan van die staat wat die Voortrekkers geskep het. Daarvoor gee die goddelike bevel aan Abraham goeie gronde: “Wees vrugbaar en vermenigvuldig uself, sodat u nageslag sal wees soos die sand aan die oef van die see” (Moerdyk [1949b]:5).⁵⁰

Abram, uit die stad Ur, geleë in die land van die Galdeërs, het dus die Voortrekkermonument geïnspireer. Uiteraard gee dit aan die ontwerp en oprigting van die Voortrekkermonument ’n omlýnde Bybelse begroning, en verbind dit die geslag wat die monument oprig, godsdienstig aan die Voortrekkers. Vir lesers sou hier ’n bekende wêreld ontvou. Die meeste Afrikaners was van huis uit bekend met Abram. Trouens, in die “Hollandse Kerke” (die NG Kerk, die Gereformeerde Kerke en die Nederduitsch Hervormde Kerk) van Suid-Afrika was die geskiedenis van Abram oorbekend. Hierdie drie kerke het amptelik meegedoen aan beide die hoeksteenlegging en die inwyding van die monument. ’n Groot meerderheid Afrikaners het indertyd aan hulle behoort. Moerdyk self is gedoop in die Gereformeerde Kerk Waterberg te Tweefontein op 10 April 1891 (AB GKSA, Waterberg Doopregister 4.1.1), en het belydenis van geloof afgelê in die Gereformeerde Kerk Pretoria (AB GKSA, Pretoria Lidmaatregister 3.1.1).

Dit is algemene kerklike kennis dat Abram in opdrag van God weggetrek het uit sy vaderhuis, dat hy altare gebou het en dat hy in die beloofde landstreek deur God in 'n verbond van onverdiende genade betrek is. Die besnydenis was die teken wat hy ontvang het, saam met die belofte dat God sy nageslag sou seën en vermeerder soos sand aan die seestrand en sterre van die hemel. In die kerke van gereformeerde belydenis is hierdie verbond, op grond van talle tekste in die Ou en Nuwe Testament, opgevat as die voorloper van die Christelike doop, sodat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. So word dit in die formuliere wat by die doop gebruik word, uitgespel. Volgens hierdie teologie is die Christusdoop, deur Hom ingestel net voor sy hemelvaart in Matteus 28:19, 'n doop in sy dood en opstanding (Romeine 6:1–4). Die Skriftuurlike singewing van die Abram-altaar en -verbond lei heen na 'n leë graf as getuienis van 'n fisieke opstanding van Christus uit die dood, en kan nie met 'n sarkofaag of selfs senotaaf in verband gebring word nie.

Moerdyk gaan desnieteenstaande met die teks op 'n ander weg uit. Hy gebruik op 'n behendige manier die bekende Bybelse kennisraamwerk, wat aan die onderneming met die eerste oogopslag 'n Skriftuurlike en godsdienstige regverdiging besorg. Om die Abram-geskiedenis egter naatloos aan die monumentontwerp oor te bring, bewerk Moerdyk hierdie Bybelse gegewens met onakkuraatheid en selfs verdraaiing totdat dit pas. Abram het nie, soos die Voortrekkers sou, die vaderhuis verlaat om 'n nuwe staat te stig nie, nog minder om politieke, historiese of nasionalistiese redes. Abram het ook nie sy lewe vir hierdie ideaal geoffer nie: die altare wat hy gebou het, was nêrens as monumentale werke van herinnering bedoel nie, nóg simbole van menslike lyding en opoffering, én hy het nooit 'n opdrag van God ontvang om te vermenigvuldig ter wille van selfbehoud sodat sy nageslag ontelbaar groot soos die sand van die see sou wees nie. 'n Nageslag is aan hom *toegesê*.

Moerdyk misbruik eenvoudig die Bybel, sodat wat hy *dink* hy daarin hoor en *derhalwe* behoort na te praat, in werklikheid lynreg teenoor sy gekose Bybelse verwysingsmateriaal staan. Hy dig aan die Bybel toe wat daar nie staan nie, en hy maak op grond daarvan 'n ongeoorloofde toepassing. Dit blyk die duidelikste uit, volgens hom, die “transsubstansiasie” van die Abram-altaar tot die Retief-sarkofaag. Ek gebruik die betekenisvolle teologiese term *transsubstansiasie* omdat wat Moerdyk in die plek van die altaar van Abram plaas, 'n ander substansie of bestaanswyse (doodsbeendere in 'n heldegraf) aanneem, terwyl dit uiterlik nog die vorm en struktuur van 'n werklike altaar behou. Dié “nuwe” altaar word dus die simboliese spreekbuis van menslike lyding en opoffering ter wille van 'n ideaal, saamgevat in die grafskrif: “Ons vir jou Suid-Afrika”. Is hierdie Skrifgebruik en -verwysing deur almal aanvaar? Of is dit tog bevraagteken? Dit moet ook nog aan die bronne getoets word.

Nietemin. Vir die eerste keer in die uitleggeskiedenis van die monument is die 1937-verwysing na Abram nou in kruike en kanne gebring. Dit lyk of Abram die ereplek toekom: dit is hy en sy bouwerk wat die ontwerp van die monument oorspronklik ingegee het. Soos wat die Abram-trajek oopgespit is, het dit egter geblyk dat wat algaande aan hom toegesê is, al minder met hom te make het. Die afstand tussen die bouwerk van Abram en die monument self, en waarvoor dit staan, word al hoe groter. Die transsubstansiasie wat in die hart van die gebou voltrek sou word, voltrek dus ook 'n uitspraak oor Abram. Dit kon nie hy gewees het wat dit wat daar gebeur, geïnspireer het nie.

Wie sou dit wel kon gedoen het? Diegene bekend met die antieke Egiptiese boukuns wat in piramides en tempels byna verewig is, sal onmiddellik weet: die Farao. 'n Sarkofaag

bemiddel en dra die boodskap van die grafkelders en heiligdomtempels van die Egiptenare. Die eersgeboortereg van Farao op die ontwerp van die monument is aan Abram verkoop.

9. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is die trajek van uitleg van die betekenis en simboliek van die ontwerp van die Voortrekkermonument, soos die argitek dit gesaghebbend verduidelik het, gevolg en ondervra. Dié trajek strek oor meer as 17 jaar: van 1932 tot 1949. Die platform is in 1932 gelê. Van daar af uit het die trajek ontplooi. Moerdyk se 1932-sketsplan lyk na 'n kopie van die tempel van Horus by Edfu, waarna hy in sy boekie oor die geskiedenis van die boukuns verwys. Hierop baseer hy sy ontwerp vir 'n monument. Dit dra gevolglik die voetspore van die antieke Egiptiese heldegrafte en tempels met die kenmerkende reliëfgraverings rondom 'n sarkofaag. Die struktuur van die eintlike gebou met 'n lynregte aksiale gang deur die middel simboliseer die weg wat die “wit” beskawing deur Afrika sou gebaan het.

In 1936 het Moerdyk sy ontwerp hersien. Hy baseer dit steeds op die basiese lyne van die Egiptiese pylertempels, maar dit word nou 'n saamgestelde gebou, met 'n massiewe granietvoorkoms. Hy noem dit aanvanklik 'n mausoleum, waarin die sarkofaag die middelpunt vorm. By die model van die monument wat op die Rykstentoonstelling in Johannesburg uitgestal is, verander hy “mausoleum” na 'n “pragtige heiligdom”, wat nou binne die beskermende muur van 'n walaer gevestig is.

Vir sommige het die gebou soos 'n troukoek, 'n peperpot of selfs 'n draadloos (radio) gelyk – in elk geval, vreemd aan die Afrikaner. Dit sou meer op 'n Oosterse tempel as op iets anders trek. Dit het die SVK (en ook Moerdyk) lugtig gemaak om die oorsprong en die idee agter die struktuur en statuur van die gebou vanuit sy Egiptiese oorsprong te beredeneer. In die SVK se openbare verantwoording aan die begin van 1937 staan die voorstelbare historiese prestasie van die Voortrekkers voorop. Die oorwinning wat hulle ter wille van die vestiging van 'n blanke beskawing behaal het, verdien 'n indrukwekkende monument. Die Voortrekkermonument word dus as 'n volkseie saak voorgestel. Die ontsluiting van die gebou word nou binne die raamwerk van volksentimente geplaas, hand aan hand met die godsdienstige aard van die Afrikaner.

Dit het duidelik geword dat die kritiek teen die ontwerp die SVK gemotiveer het om die hart van die gebou langs 'n ander lyn te onthul. Die Egiptiese kombinasie van 'n heldegraf en tempel is toe vervang met die altaar wat Abram gebou het. Omdat 'n altaar soos dié van Abram nie meer gebruik word nie, word 'n heiligdom, wat 'n weergawe van die Voortrekkers, Suid-Afrika en die destydse geslag Afrikaners is, in die plek daarvan gesit. Onder in die gebou sou die sarkofaag wees vir Retief en sy 70 manne “wat die hoogste offer betaal het om Suid-Afrika vir ons bewoonbaar te maak”.⁵¹ In hierdie gewyde ruimte is die Afrikaner by sy verlede. Dit is hoe hiérdie Abram-oorsprong aan die gebou beslag gegee het, aan die hand gegee deur die geskiedenis van Abram: 'n gedenkteken uit die volk vir die volk. Hier bo (in onderafdeling 4) is gepraat van 'n ruil wat plaasgevind het: Farao is met Abram verwissel.

Hierdie lyn van onthulling van die betekenis van die ontwerp volg Moerdyk ook in sy geskrewe artikels rondom beide die hoeksteenlegging (1938) en die inwyding (1949) van die

monument. Die gebou, en die geskiedenis wat daarin vertolk word, word in 1938 genasionaliseer, en in 1949 selfs geïdeologiseer as simbool van die eiendomsreg van die Afrikaner op hierdie land. Die klem verskuif dus van 'n nasionalistiese na 'n politieke oorweging. Die verwantskap van die monument met die godsdienstige ingesteldheid van die Afrikaner is in 1949 minder prominent as in 1938.

In die omvang van die gebou is die “Groot Daad” van die Voortrekkers simbolies saamgebundel: die bestendiging van 'n “blanke beskawing” en die “voortbestaan” van die Afrikanervolk. In hierdie oorvereenvoudiging oorspeel die argitek egter die kompleksiteit van die geskiedenis. Dit is histories 'n mistasting om “beskawing” en “blank” met mekaar te vereenselwig. Moerdyk laat die vestiging en uitbou van skole deur sendinglinge en sendinggenootskappe en kerke in hierdie streke gedurende die 19de eeu byvoorbeeld geheel en al buite rekening. Hy skryf aan die Voortrekkers toe wat hulle histories nie alleen toekom nie.

Dit is eweneens te breed aangevoer dat die Voortrekkers onberispelik “beskaafd” sou opgetree het. Hoe moet 'n mens die aanvalle op en vernietiging van sendingstasies deur hulle en hulle nasate verklaar? Immers, tien jaar ná die Gelofte en die Slag van Bloedrivier lei Andries Pretorius (1798–1853) hierdie keer 'n Boerekommando wat die sendingstasie van die Berlynse Sendinggenootskap Betanië, suid van Bloemfontein, plunder (Schoeman 1985:98 e.v.). Nog tien jaar later (1858) is dit die sendingstasies van die (Franse gereformeerde) Paryse Evangeliese Sendinggenootskap wat in Basoetoland vernietigend deurloop (Germond 1967:233 e.v.). In die ruimtes van die monument ontbreek simbole van en verwysing na die skeefgroei en onprysenswaardige gedrag van die Voortrekkers. Hoewel daar destyds selfs uit eie geleedere protes teen en afkeuring van hierdie soort optrede aangeteken is,⁵² word hierdie onvermydelike aspek van die geskiedenis oor die hoof gesien. Simbolisering hiervan sou helend en temperend op selfverheffing ingewerk het – iets wat eintlik nie aan die herdenking van die geskiedenis mag ontbreek nie.

Duideliker omlin is die aksent in 1949 op die statuur van die gebou: Zimbabwe se boustyl van die gebruik van klein eenhede dra daartoe by. En dan: ook die indrukwekkende grootsheid van die Egiptiese bouwerke sou aan die statuur van die monument meewerk. Dit beteken dat Moerdyk erken het dat sy ontwerp tog saamhang met 'n Egiptiese agtergrond. Desnieteenstaande hou hy daarmee vol dat Abram se altaar, wat die vorm van 'n sarkofaag aanneem, die oorspronklike idee is wat tot die skepping van die ontwerp van die monument gelei het. In die beoordeling hiervan is egter aangetoon dat Moerdyk se aanduiding nie voet by stuk kan hou nie. Faraó het sy ontwerp geïnspireer.

Die merkwaardige gebou op 'n heuwel aan die suidwestelike kant van Pretoria is na sy ontwerp 'n Egiptiese tempel wat 'n gewyde heldegraf vir die middel-20ste eeuse Afrikaner se beeld van die Voortrekkers was.

Bibliografie

Argivale bronne

Argiefbewaarplek Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (AB GKSA)

Pretoria Lidmaatregister 3.1.1: 1887.01.01–1954.09.18.

Waterberg Doopregister 4.1.1: 1863.08.02–1926.12.26.

Argief vir Eietydse Aangeleenthede, Universiteit van die Vrystaat (AREA)

PV 94 1/75/10/1, 1936: Vormkomiteenotules, korrespondensie, ens.

PV 125 1/2/2/1/1: Notules van die Sentrale Volksmonumente-Komitee, 14 April 1932 – 4 November 1937.

PV 125 2/2/1/1/1: Korrespondensie Sentrale Volksmonumente-Komitee, 30 Augustus 1932 – 22 Desember 1937.

Spesiale Versamelings, Universiteit van Pretoria: Moerdyk Dokumente (UPM)

Koerantknipsels

Anoniem. 1936a. Form of Voortrekker memorial. A great shrine 130 feet high on a hilltop in 30 acres of land. *The Star*, 9 September, sonder bladsy.

Anoniem. 1936b. Voortrekkermonument sal eerste op Rykskou vertoon word. *Die Republikein*, 11 September, sonder bladsy.

Ongepubliseerde dokumente

Moerdyk, G. [1949a]. Ontwerp en simboliek van die Voortrekkermonument, ble. 1–8.

—. [1949b]. Die wording van die Voortrekkermonument, ble. 1–7.

Koerante

Anoniem. 1936c. *Die Vaderland*, XVIII(1465), 10 Januarie, bl. 7.

Anoniem. 1936d. *Die Vaderland*, XVIII(1465), 10 Januarie, bl. 5.

Anoniem. 1936e. *Die Vaderland*, 1(53), 3 September, bl. 15.

Anoniem. 1936f. *Die Vaderland*, 1(70), 23 September, bl. 10.

Ander bronne

Anoniem. S.j. Moerdyk, Gerard Leenert Pieter.

<http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/archframes.php?archid=1102>(16 Januarie 2018 geraadpleeg).

Argitek. 1938. Die simboliek van die Voortrekkermonument. In Sentrale Voortrekker-Eeufeeskomitee. *Sentrale Voortrekker-Eeufees 1838–1938 Pretoria 14–16 Desember 1938*. Johannesburg: Die Afrikaanse Pers, ble. 31–33.

Britz, R.M. 2017. The religious statement of the Voortrekker Monument as a site of Afrikaner memory: origin, composition and reception. Ongepubliseerde voordrag, Internasionale Konferensie: Religie in Dialoog, 23–24 Augustus 2017, Universiteit van Pretoria, Pretoria, ble. 1–29. (Beskikbaar by die skrywer.)

Delmont, E. 1992. The Voortrekker Monument: monolith to myth. *Myths, Monuments, Museums; New Premises?*. Geskiedeniswerkwinkel, Universiteit van die Witwatersrand, 16–18 Julie, ble. 2–21.

Duffey, A.E. 2006. 'n Egte lugkasteel: Moerdijk, Van Wouw en die Voortrekkermonument. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 20(2):22–41.

Germond, R.C. 1967. *Chronicles of Basutoland*. Morija: Morija Printing Works.

Jansen, E.G. 1949. 'n Ideaal verwesenlik. In Voortrekkermonument-inwydingskomitee, ble. 37–41.

Kleiner, F.S. en C.J. Mamiya. 2005. *Gardner's art through the ages*. (12de uitgawe). Belmont: Wadsworth Thompson.

Louw, A.A. 1858. Fransche Missie. *De Gereformeerde Kerk-Bode in Zuid-Afrika*, Deel X, 19 Junie, bl. 211.

Moerdyk, G. 1934. Ons hoop op 'n Afrikaanse boustyl. *Castalia*, Oktober, ble. 19–21.

—. 1935. *Die geskiedenis van boukuns*. Pretoria: J.L. van Schaik.

—. 1938a. Die Voortrekkermonument. *Koers*, VI(3):1–4.

—. 1938b. Die Voortrekker-Monument. *Die Kultuurskakel. Kwartaalblad van die Afrikaans-Duitse Kultuur-Unie. Mitteilungsblatt der Deutschen-Afrikanischen Kulturgemeinschaft*, III(3/4):5–6.

—. 1949c. Die Voortrekkermonument. In Die Voortrekkermonument-inwydingskomitee, ble. 43–55.

—. 1949d. The Voortrekker Monument. In Voortrekker Monument Inauguration Committee, ble. 43–48.

Mostert, Dirk. 1940. *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika. Eeufees: 1938–1939*. Kaapstad: Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S.A.S. en H.), Hartenbos.

Schoeman, Karel. *Die huis van die armes. Die Berlynse Sendinggenootskap in die O.V.S. 1833–1869*. Kaapstad, Pretoria: Human en Rousseau.

Sentrale Voortrekker-Eeufeeskomitee. 1938. *Sentrale Voortrekker-Eeufees 1838–1938 Pretoria 14–16 Desember 1938*. Johannesburg: Die Afrikaanse Pers.

Steenkamp, A.C. 2008. *Space, power and the body – the civil and uncivil as represented in the Voortrekker Monument and the native township model*. Delft: Delft University of Technology.

—. 2009. A shared spatial symbolism: the Voortrekker Monument, the Völkerslachtetdenkmal and Freemasonry. *South African Journal of Art History*, 24(1):150–160.

Steenkamp, Alta. 2006. Apartheid to democracy: representation and politics in the Voortrekker Monument and Red Location Museum. *Theory*, 10(3/4):249–54.

Vermeulen, Irma. 1999. *Man en monument. Die lewe en werk van Gerard Moerdyk*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Voortrekker Monument Inauguration Committee. 1949. *Inauguration of the Voortrekker Monument. Official programme Pretoria, 13 to 16 December 1949*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Voortrekkermonument-inwydingskomitee. 1949. *Inwyding van die Voortrekkermonument. Amptelike program en gedenkboek Pretoria, 13 tot 16 Desember 1949*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Eindnotas

¹ AREA, PV 125 2/2/1/1/1: Brief Minister van Binnelandse Sake, 4 Oktober 1935; AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 2 November 1935.

² Anoniem, Moerdyk. <http://www.artefacts.co.za>; sien ook Vermeulen 1999.

³ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 14 April 1932.

⁴ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 14 April 1932.

⁵ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 14 April 1932.

⁶ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 14 April 1932.

⁷ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 14 April 1932.

⁸ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 14 April 1932.

⁹ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 14 April 1932.

¹⁰ Die bronne (insluitende Moerdyk) verwys telkens voor 1949 na 'n “sarkofaag”. In die amptelike program van 1955 is dit – tereg – verander na “senotaaf”, omdat Retief se oorskot nooit in die Voortrekkermonument herbegrawe is nie.

¹¹ Hier aangehaal soos Moerdyk dit gespel het.

¹² AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 25 Januarie 1936.

¹³ AREA, PV 94 1/75/10/1, 1936: Notule Vorm-subkommissie, 26 Januarie 1936.

¹⁴ AREA, PV 94 1/75/10/1, 1936: Notule Vorm-subkomitee, 6 April 1936.

¹⁵ AREA, PV 94 1/75/10/1, 1936: Verslag van die Vorm-subkomitee (Suide) van die SVK, 4 April 1936.

¹⁶ AREA, PV 94 1/75/10/1, 1936: Vormkomitee Notules, korrespondensie, ens.

¹⁷ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 7 April 1936; sien ook AREA, PV 94 1/75/10/1, 1936: Notule Vorm-subkomitee, 6 April 1936. Die Moerdyk-skets van 1932 is op 10 Januarie 1936 in *Die Vaderland* gepubliseer. Dit was dus voor die eerste vergadering van die SVK in 1936. Waarom dit juis toe in die koerant verskyn het, is nog nie uitgeklaar nie. Eers aan die einde van Januarie is werk daarvan gemaak om ontwerpvoorstelle te vra. Moerdyk het dus 'n hersiene ontwerp ingedien, wat op 6 April 1936 oorweeg en aanvaar is.

¹⁸ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 7 April 1936.

¹⁹ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 7 April 1936.

²⁰ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 7 April 1936.

²¹ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 7 April 1936.

²² Duffey (2006:30); Steenkamp (2008:104–6); Steenkamp (2009:150–60).

²³ AREA, PV 94 1/75/10/1, 1936: Notule Vorm-subkommissie, 26 Januarie 1936.

²⁴ AREA, PV 94 1/75/10/1, 1936: Notule Vorm-subkomitee, 6 April 1936.

²⁵ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 15 Januarie 1937.

²⁶ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 5 Oktober 1936.

²⁷ AREA, PV 125 1/2/2/1/1: Notule SVK, 15 Januarie 1937.

²⁸ AREA, PV 94 1/75/10/1, 1936: Vormkomitee Notules, korrespondensie, ens.

²⁹ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument.

³⁰ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 1.

³¹ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 2.

³² AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 3.

³³ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 3.

³⁴ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 3.

³⁵ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 3.

³⁶ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 3.

³⁷ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 3.

³⁸ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 3.

³⁹ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 4.

⁴⁰ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 4.

⁴¹ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 5.

⁴² AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 5.

⁴³ Die datum 1903 word hier gekies, omdat die opruiming van konsentrasiekampe eers in 1903 voltooi is.

⁴⁴ Moerdyk (1949c:44).

⁴⁵ Argitek (1938:31); Moerdyk (1938a:2); Moerdyk (1949c:45,47).

⁴⁶ Moerdyk (1949c:44); sien ook Argitek (1938:31).

⁴⁷ Moerdyk (1949c:47); sien ook Moerdyk [1949a]:6; Moerdyk [1949b]:6.

⁴⁸ Moerdyk (1949c:45); Moerdyk [1949a]:4; Moerdyk [1949b]:3; sien ook Argitek (1938:33).

⁴⁹ In die weergawe wat in die Engelse program opgeneem is, is daar geen sprake van ’n “altaar van die Afrikanerdom” nie. Daar bevestig Moerdyk gewoon dat “a laager of wagons ... serves at the Monument as a symbolic wall defending the ideals and conceptions of the *Voortrekkers* against everything threatening them” (Moerdyk 1949d:45, my kursivering). Hy differensieer dus tussen Afrikaner- en nie-Afrikanerlesers.

⁵⁰ Moerdyk sinspeel hier op Genesis 22:17. Dit is egter nie ’n bevel om te vermeerder nie, maar ’n toesegging van God se seën. In die Bybelse verhaal van Abram is sy naam na Abraham verander (Gen. 17:5). Omdat Moerdyk na ’n teks verwys na die naamsverandering, is dit konsekwent gevolg.

⁵¹ AREA, PV 94 1/75/10/1: Voortrekkermonument Algemeen 1935–1947: Die Voortrekkermonument, 5.

⁵² In hierdie verband is die “Protest” van “leden der Nederduitsch-Gereformeerde Gemeente van Fauresmith” en 85 burgers van die Oranje-Vrystaat, gepubliseer in *De Gereformeerde Kerk-Bode in Zuid-Afrika* van 19 Junie 1858, ’n sprekende voorbeeld. Daarin word openbare afkeuring uitgespreek oor die gedrag van burgers wat “zich hebben schuldig gemaakt aan heiligschennis en grove buitensporigheid door schending van het kerkgebouw te Morija” (Louw 1858:211). Dan word vervolg:

Wij achten het van onzen plicht om met dit ons plegtig protest openlijk voor den dag te komen, opdat het vooroordeel tegen ons, dat elders helaas! reeds in zoo hooge mate bestaat, geen voedsel vinde in hetgeen ter genoemder plaatse door *enige loszinnige lieden* uit het leger en dat *tegen het uitgedrukt bevel der Hoofdbestuurders* is gepleegd geworden. (Louw 1858:211)